'n Dinsdagaand

Soos die nag donkerder word,
geluide van die wêreld skiet tekort.
Die diere wat in die nag kruip,
terwyl die son verby die horison wegsluip.

Terwyl die gang weergalm met die geluide van gelag,
sleutels sluit die voordeur oop, pa is al weer laat.
Geen skool môre, kinders jaag katterkwaad aan deur die nag.
Ma kook, op die foon praat sy nog met haar maat.

‘n Kelner werk die nagskof, hy kom skaars verby.
'n Man en sy hond op die gras, waar hulle vir die nag sal bly.
'n Onderbetaalde werknemer stap in,"net koffie asseblief",
die welkom teken verlig die dag se dief.

Die dronk ou skree op die kroegman,
terwyl sy vrou by die huis sit en sy liefde mislei
Tieners oorhandig vals IDs aan die waaksman,
en ou manne vir jong, naïewe meisies vlei.

En so kyk die vêrre sterre na die lande,
die maan skyn stralend oor die see se sande.
Lekker slaap fluister die nag,
rus jou kop op jou kussing, so knus en sag.

-Alivia Ferreira-